Leer uit Gister, Leef vir Vandag, Werk vir Môre

Riebie Klanke

Jaargang 25 | Nommer 32 | 17 Junie 2021
d6 Connect | www.riebie.co.za

UIT DIE HOOF SE PEN

Be POSITIVE & spread POSITIVITY

COVID ! COVID ! COVID!

Net die woord put ons uit !!! Elke week..... elke dag..... of sal ek sê..... elke uur..... 'n nuwe uitdaging!

Die Gauteng Departement van Onderwys het verlede week vir Skoolhoofde elektroniese opleiding gegee, wat 'n herhaling was van die hantering van COVID-19 in skole. Dié opleiding was insiggewend en baie leersaam. In teorie is die geheim om te hou by die aksies waaroor ons beheer het, naamlik die dra van maskers, sanitering van hande en toerusting, asook om sosiale afstand te hou. Die Gauteng Departement van Onderwys het ook baie klem daarop gelê dat skole nie onnodig gesluit sal word nie, of dat groepe nie onnodig in isolasie geplaas moet word nie.

Wanneer ons in kennis gestel word dat 'n persoon wat betrokke is by Laerskool Van Riebeeckpark positief vir COVID-19 getoets is, is daar sekere vrae wat ons vir onsself vra:

1. Wanneer laas was die persoon wat positief vir COVID-19 getoets is, by die skool?
2. Het dié persoon enige simptome gewys toe hy/sy by die skool was?
3. Was daar enige direkte kontak tussen die persoon en ander persone, nadat enige simptome voorgekom het, of nadat hy/sy positief vir COVID-19 getoets is?
4. Is daar ander persone in dieselfde klas/groep wat simptome wys en/of positief vir COVID-19 getoets is?

Indien daar op enige van die vrae hierbo "ja" geantwoord word, raadpleeg ons die Gauteng Departement van Onderwys, asook die Gesondheidsdepartement en op grond van hulle advies neem ons dan 'n besluit. Slegs op grond van dié twee Departemente se aanbevelings kan ons groepe, of die skool as 'n geheel, isoleer.

WAT IS DIE VERSKIL TUSSEN **KONTAK** EN **DIREKTE KONTAK**?

Kontak
Kontak beteken u was in die omgewing van iemand wat **moontlik** of **wel** positief vir COVID-19 is, maar al die nodige COVID-19 reëls en dissipline is nagekom, met ander woorde maskers is gedra, sanitering is gedoen en sosiale afstand het plaasgevind.

Optrede: Indien u slegs in kontak was, moet u eers isoleer indien u enige simptome begin wys.

Direkte kontak

Direkte kontak beteken dat ‘n persoon **vir langer as 15-minute, in ‘n toegemaakte area, sonder ‘n masker, en binne minder as 1 meter van die persoon wat positief vir COVID-19 getoets is, was.**

Met ander woorde, indien u die COVID-19 reëls korrek toepas, is daar teoreties geen manier dat u in **direkte kontak** met enige iemand kan wees nie. Ons besef egter dat kinders soms onvoorspelbaar is en dat dit soms moeilik is om te beheer.

Ons sal, soos ons tot dusver gedoen het, klasgroepe per WhatsApp in te lig indien daar bevestigde positiewe COVID-19 gevalle in klasse aangemeld word. Ek wil ouers bedank wat vroegtydig hul kinders by die huis hou, indien hulle enige simptome wys.

Personeel moet asseblief in kennis gestel word indien leerders nie by die skool is nie. Alle afwesighede moet nog steeds by die skool aangemeld word, deur middel van ‘n mediese sertifikaat of ‘n brief vanaf die ouers, behalwe in gevalle waar die skool groepe in isolasie geplaas het.

Die skool se doelwit is om die halfjaar assessering af te handel met al ons leerders by die skool. Om gesond te wees en gesond te bly is in hierdie tyd ‘n reuse uitdaging en ‘n verantwoordelikheid van elke personeellid, ouer en leerder. Ek weet ek kan op ons skoolgemeenskap staatmaak.

“ Take care of your body. It’s the only place you have to live.”

REDENAARS

Die skool is baie trots op al die leerders wat aan die Kempton Park se Redenaarskompetisie (Afrikaans en Engels) deelgeneem het.

Baie geluk aan die volgende leerders met die plekke wat hulle behaal het:

AFRIKAANS

Amika Theron	Graad 2	1ste plek
Mari-Lize Jacobs	Graad 4	3de plek
Tertius van der Walt	Graad 6	2de plek
Mické Bothma	Graad 1	2de plek
Jacinda Ruthven	Graad 7	1ste plek
Rosa Brand	Graad 5	3de plek

ENGELS

Amika Theron	Graad 2	2de plek
Jean-Miné Brits	Graad 3	3de plek

Tertius van der Walt	Tweetaligheid wenner (Graad 6 en Graad 7)
Amika Theron	Graad wenner (Graad 2-AFR)
Jacinda Ruthven	Graad wenner (Graad 7-AFR)

VADERSDAG

~ ‘n Vader is nie ‘n anker wat ons terughou nie,
ook nie ‘n seil wat ons daarheen neem nie, maar ‘n
Lighuis wat met sy liefde die pad aanwys. ~
~ GELUKKIGE VADERSDAG ~

AANSOEKE GRAAD 1 – 2022

Ons verwag dat die openingsdatum vir aansoeke vir **Graad 1 - 2022** binnekort deur die Departement van Onderwys aangekondig sal word. Hou asseblief die media en die skool se nuusbriewe en skrywes dop vir die openingsdatum en vir meer inligting.

Die oggend van die openingsdatum moet ouers, ingevolge departementele riglyne, **AANLYN** aansoek doen by: www.gdeadmissions.gov.za

Ouers moet intussen die volgende **verpligte stawende dokumente** gereed hê. Dié dokumente moet tydens u aanlyn-aansoek op die Departement se aanlyn-stelsel gelaai word, en ook by die skole waar u aansoek doen ingedien word.

- **Gesertifiseerde** afskrif van kind se Onverkorte (Unabridged) Geboortesertifikaat.
- Afskrif van Inentingskaart/rekord van immuniserings.
- **Gesertifiseerde** afskrifte van **beide** ouers se ID dokumente.
- Bewys van adres, nie ouer as 3 maande nie (W&L rekening in ouer se naam, of amptelike huurooreenkoms op agentskap briefhoof, in die ouer se naam).
- Indien u nie die biologiese ouers is nie, dokumente wat u wettige voogskap bevestig.

DIE SKOOL SAL BINNEKORT MET ONS SKOOL SE VOORNEMENDE GRAAD 1-2022 OUERS KOMMUNIKEER, OM INTUSSEN 'N STEL AFSKRIFTE VAN DIE BOGENOEMDE DOKUMENTE NA DIE SKOOLKANTOOR TE STUUR. ONS VRA DAT U DIT ASSEBLIEF GEREED SAL KRY.

Groete tot volgende week.....

V BOTHA – SKOOLHOOF

AKADEMIE

GRONDSLAGFASE AKADEMIE

Soos reeds aan ouers deurgegee, is leerders tans besig met deurlopende formele assessering. 'n Vriendelike versoek aan ouers dat leerders nie onnodig by die huis gehou sal word nie. Kommunikeer asseblief met u kind se klasonderwyseres indien u kind nie by die skool is nie.

Baie dankie aan ons Riebie-ouers vir hulle positiewe ondersteuning aan ons Riebies-maatjies met

hul skoolwerk.

INTERSENFASE AKADEMIE

Formele assesserings vir die week van 21 Junie 2021 – 25 Junie 2021:

21 Junie 2021	Graad 4 – Graad 7	Geskiedenis
22 Junie 2021	Graad 4 – Graad 7	Huistaal
23 Junie 2021	Graad 7	Lewensoriëntering
	Graad 4 – Graad 6	**Normale akademiese dag**
24 Junie 2021	Graad 7	Tegnologie
	Graad 6	Geografie
	Graad 4 en Graad 5	**Normale akademiese dag**
25 Junie 2021	Graad 7	Natuurwetenskappe
	Graad 4 en Graad 6	Natuurwetenskappe en Tegnologie

'n Vriendelike versoek aan ouers om toe te sien dat die leerders in die oggende betyds by die skool afgelaai word. Kosbare tyd om formele assesserings te voltooi gaan verlore indien 'n leerder laat by 'n klas instap. Daar sal ongelukkig nie ekstra tyd aan hierdie leerders gegee word nie.

SKOOLHANDBOEKE

Leerders moet die dag waarop formele assessering in 'n spesifieke vak gedoen word, die vak se handboek by die skool hê vir kontrole. Indien 'n skoolhandboek verlore is, sal ouers 'n skrywe ontvang om vir die verlore handboek te betaal.

AFHAAL VAN KWARTAAL 2 AKADEMIESE VERSLAE

Kommunikasie rakende die afhaal van Kwartaal 2 akademiese verslae sal in volgende week se Riebie Klanke deurgegee word.

LET WEL: Geen akademiese verslae sal voor-af beskikbaar wees nie.

SPORT

KRIEKET OEFENING

Let asseblief op die volgende:
Oefeninge sal daagliks plaasvind vanaf 12:00 – 12:45, waarna leerders na hul onderskeie hekke beweeg en verdaag.

*** ALLE seuns is welkom om oefening in hul ouderdoms-groep by te woon, soos onder aangedui.**

21 Junie 2021	12:00 – 12:45	O/11, O/12 & O/13
22 Junie 2021	12:00 – 12:45	O/9A O/10
23 Junie 2021	12:00 – 12:45	O/11, O/12 & O/13
24 Junie 2021	12:00 – 12:45	O/9A O/10

LANDLOOP

Oefentye is vanaf 12:00 – 12:45 vanaf Maandag - Donderdag.

TENNIS

Oefeninge vir seuns en dogters sal as volg plaasvind:

21 Junie 2021	12:00 – 12:45
22 Junie 2021	06:00 – 07:00
24 Junie 2021	06:00 – 07:00

ALGEMEEN

RIEBIE KOMBERSE EN KUSSINGS

Komberse

U kan nou vir u kind sy/haar eie Riebie-kombersie teen R150-00 aankoop. Die winter is beslis hier en u kan gerus belê in een van ons unieke kombersies! Gebruik asseblief die bankbesonderhede en verwysingsnommer **9769/001**, soos hieronder aangedui.

Kussings

Die spesiale Riebie-kussings kan teen R175-00, per kussing, aangekoop word. Gebruik asseblief die bankbesonderhede en verwysingsnommer **9756/001**, soos hieronder aangedui.

Rekeningnaam	:	Laerskool van Riebeeckpark
Bank	:	FNB
Tipe Rekening	:	Tjekrekening
Takkode	:	205 609

Rekeningnommer : 6274 913 4243
Verwysingsnommer (**Kombers**) : 9769/001 + kind se naam, van en graad
Verwysingsnommer (**Kussing**) : 9756/001 + kind se naam, van en graad

FACEBOOKBLAD

Ouers wat dit graag wil doen, is welkom om leerders se buitemuurse prestasies skool toe stuur, sodat dié prestasies op die skool se Facebookblad geplaas kan word. Die volgende moet ingedagte gehou word:

- ☆ Die leerder moet op Provinsiale of Nasionale vlak deelgeneem het;
- ☆ Die leerder moet in sy/haar Provinsiale of Nasionale drag geklee wees, op enige foto's wat ingestuur word;
- ☆ Die leerder se afrigter moet 'n brief inhandig om die prestasie te verifieer; en
- ☆ Die foto en brief kan op Vrydae na Mev. J. Ruthven gestuur word of per e-pos: julie@riebie.co.za of per WhatsApp: 072 412 4524.

CANSA

Die skool wil graag vir elke Riebie-ouer, leerder, onderwyser en admin-dames bedank vir hul betrokkenheid by die "*Piggy Drive*" fondsinsamelingsprojek. Elke sent wat in 'n varkie se boepens gegooi was, het 'n verskil in iemand se lewe wat kanker het, gemaak. Dit is weereens bewys... Ons Riebie-harte klop warm en ons reik beslis uit na ander om ons! Ons is baie trots om die volgende inligting te kan deel:

Die skool het 'n fenomenale bedrag van R15 337-00 ingesamel!

- ☆ Die Graad 6-leerders en hulle onderwysers het gewen met 'n bedrag van R3 087-00.
- ☆ Die Graad 1's is aangewys as die Grondslagfase-graad wie se varkie die oulikste versier was.
- ☆ Die Graad 6's en Graad 7's is albei gekies vir die oorspronklikheid van die versiering van hul varkies.
- ☆ Die ander grade het ook goed gedoen en baie pret gehad!

WELGEDAAN ALMAL !!!

GHOLF

ONTHOU: GHOLFDAG – 17 SEPTEMBER 2021 te MODDERFONTEIN GHOLFBAAN !!!

Soos u reeds weet het dié Gholfdag nou al 'n instelling geword en is EEN fondsinsameling wat nié gemis mag word nie!

Vir eers is dit belangrik dat u hierdie datum solank in u dagboek sal merk.

Meer inligting word in die derde kwartaal deurgegee.

Rig asseblief enige navrae aan: golf@riebie.co.za

RIEBIE MASKERS

Die dra van 'n masker is elke dag **verpligtend**. Koop gerus vir u kind nog Riebie maskers teen R30-00 per masker.

Riebie-masker 1 (**RM1**) -
Groot renoster in die middel

Riebie-masker 2 (**RM2**) -
Klomp klein renostertjies

Rekeningnaam : Laerskool van Riebeeckpark
Bank : FNB
Tipe Rekening : Tjekrekening
Takkode : 205 609
Rekeningnommer : 6274 913 4243
Verwysingsnommer : 9701 + U kind se naam, van en graad + (RM1 of RM2)

RIEBIE RAKKERS NASKOOLSENTRUM

Kontaknommers:

- Junior Naskoolsentrum: 076 515 5497
- Senior Naskoolsentrum: 082 265 4909

Vir enige navrae of klagtes, e-pos gerus vir Mev. T. Abrahams by teresa@riebie.co.za

SPYSKAART VIR DIE WEEK: 21 JUNIE 2021 – 25 JUNIE 2021

MAANDAG	MACARONI EN KAAS	BROODJIE & SAP
DINSDAG	HOENDER A'LA KING	BROODJIE & SAP
WOENSDAG	BOONTJIESOP EN BROOD	MELKTERT
DONDERDAG	MASH EN MAALVLEIS	VRUG EN SAP / BROODJIE
VRYDAG	KOUEVLEIS ROLLETJIES	SKRYFIES / VRUG EN SAP

*** Die spyskaart is onderhewig aan veranderings ***